LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

06-11-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 38 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

*** Kwartaalprogram het al die belangrike datums op ***

1 **VIR OUERS SE AANDAG:**

- **SKOOLBYWONING:**
  Neem kennis dat daar in al die klasse gewerk word, ook tydens die eksamen. Ouers moet asb. toesien dat leerders by die skool is. Die skool sluit vanaf 13 November om 13:00 in die eksamen tyd. Dankie dat ons kan staatmaak op u samewerking. Leerders mag nie uitgeteken word gedurende onderrig tyd nie.
- **KONFRONTASIE:**
  Ouers mag GEEN kind op die skoolterrein konfronteer nie. Die Skolewet verbied dit. Kontak asb. die skool en maak 'n afspraak.
- **HANDBOEKE**:
  Ouers moet asb. toesien dat leerders hulle handboeke inhandig op die dag wat hulle die betrokke vak skryf in die eksamen.

2 **SENIOR KOORDRAG:**
Daar is nog heelwat koorlede wie se klere uitstaande is!
Senior koorlede se romp en toppie moet asb in 'n gemerkte kleresak ingehandig word, op die laatste Dinsdag, 7 November 2017 asb!

3 **KASKARWEDREN**:
Ons hou kaskarwedren-pretdag op Vrydag, 10 November 2017. Leerders moet asb. woeker met die borgvorms, daar is lekker pryse om te wen vir die kind en klas wat die meeste karretjies verkoop. Julle het kans tot voor of op 6 November 2017 . Indien u kind se vorm nie terugkom skool toe nie, sal 'n boete van R100 gevorder word.

4 **JAARBLAD:**
Jaarblaaie kan by registerklasse bestel word teen R170 vir die spogblad met al die foto's van die jaar.

5 **KULTUURAAND 2018:**

- Ons jaarlikse Kultuuraand vind plaas op 16 Februarie 2018 saam met Coenie de Villiers. Daar is **slegs** nog die volgende tafels beskikbaar:
  2 x 14 sitplek tafels en 5 x 12 sitplek tafels.
  Kontak vir Christa de Wet by 0842068902 vir enige navrae.
- **KELNERS**:
  Die Gr 6 leerders moet asb. so gou as moontlik hulle kelner-gelde van R150 inbetaal by Mev Chrisna Meyer sodat die klere gereël kan word.

6 **INHULDIGINGSFUNKSIE VIR GRAAD 6:**

Maandag, 6 November 2017 om 17:30 vind die Leiers inhuldiging plaas in die skoolsaal.

7 **BEKRONINGSFUNKSIES**:

Leerders sal uitnodigings ontvang vir die volgende:

- Dinsdag, 7 November 2017 om 18:00 vind die Graad 1-3 se bekroning plaas in die skoolsaal.
- Woensdag, 8 November 2017 om 18:00 vind die Graad 4-7 se bekroning plaas in die skoolsaal.
- Dinsdag, 21 November 2017 vind die Graad R en RR se bekroning en konsert plaas. Inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

8 **FOTO'S**:

Die volgende foto's word op Donderdag, 9 November geneem vir die Jaarblad:
Al die trofeë wenners en Akademiese spanne soos aangekondig tydens Bekroningsfunksies, 0/9 Krieket, Gholf, Tennis en Sedibeng hokkie.

9 **ATLETIEK OEFENING:**

Die Graad 1-7 leerders is welkom om van hierdie week af saam te oefen.

Langafstande Afrigter - Tannie Elmien	Maandae tot Donderdae 14:30 - 15:30 Oefening is tot 22 Desember	Op Laer Volkskool se velde
Hoogspring Afrigter - Oom Henning	Maandae en Dinsdae 14:00 - 15:00 Oefening is tot 6 Desember	Oefen by Hoër Volkskool
Verspring/Hekkies Afrigter - Mnr Louwtjie	Maandae tot Donderdae 14:00 - 15:00 Oefening is tot 20 Desember	Oefen by Hoër Volkskool
Gewigstoot Afrigter - Oom Slappies	Woensdae en Donderdae 14:00 - 15:00 Oefening is tot 16 Desember	Oefen by Laer Volkskool

10 **VOLKIE NUUSBULLETIN**:

Stuur asb al die buite-sport inligting aan na helenebotha@laervolkskool.co.za vir ons kwartaal se koerantjie voor of op 22 November 2017.

11 **SKRYFBEHOEFTES**:

Die skryfbehoefte- lyste vir 2018, wat as 'n riglyn gebruik kan word, is beskikbaar op die webblad.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF